

7 Oktober

Skrifgedeelte: Maleagi 1:1-14
Fokusgedeelte: NGB, Art 23

Christus ons geregtigheid – Gee eer aan God!

Ons het werklik alles aan Christus te danke. Ons sondeskuld is deur Hom betaal! Alles wat nodig is om te lewe, God te dien en die hemelse heerlijkheid binne te gaan het Christus klaar vir jou aan die kruis verdien! Dis só vanselfsprekend dat mense wat hierdie rykdom glo, God in alles sal wil dien en prys en eer!

Tog gebeur juis hierdie vanselfsprekende baie keer nie. In ons Skrifgedeelte voer God 'n strydgesprek met sy kinders oor hierdie saak. Hy het hulle uitgekies en soos 'n vader al sy liefde op hulle uitgestort (vers 2), maar Israel het Hom nie geëer nie. God vra dus (vers 6): “As Ek dan 'n vader is, waar is die eer wat my toekom?”

God is nie met halfhartige godsdienste tevrede nie. Die Israeliete het byvoorbeeld die diens van die Here as “'n klomp moeite” beskou en dikwels hulle neuse daarvoor opgetrek (vers 13). Wanneer hulle Hom gedien het was dit teësinnig en met afgeskepte en onwaardige offers (vers 8). Dieselfde simptome van halfhartigheid word vandag nog gevind.

Die Here sê, as dit só gaan moet mense maar eerder die kerk se deure toemaak (vers 10). Met sulke godsdienste ontteer hulle God se Naam en bring hulle 'n vloek oor hulleself (vers 14).

Dit is daarom onmisbaar dat elke gelowige opnuut die rykdom wat ons in Christus het moet herontdek. Laat dankbaarheid jou gemoed skoonspoel en laat die eer van God 'n lied in jou hart en mond wees. Sê soos ware dankbare gelowiges met elke woord en daad: MY BESTE VIR DIE ALLERHOOGSTE!

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)